



Resensies / Reviews

- De Boer, Erik A. & Van Stam, Frans P., eds. 2009. **Ioannis Calvini scripta didactica et polemica. Vol 4.** Geneva: Librairie Droz.
(*E. Kayayan*) 349
- Den Boer, William. 2009. **Calvijn en het Nederlandse Calvinisme.** Apeldoorn: Theologische Universiteit.
(*C.J. Smit*) 351
- De Gruchy, John W. 2009. **John Calvin: Christian humanist & evangelical reformer.** Wellington: Lux Verbi.BM.
(*R.M. Britz*) 352



Resensies / Reviews

De Boer, Erik A. & Van Stam, Frans P., eds. 2009. **Ioannis Calvini scripta didactica et polemica. Vol 4.** Geneva: Librairie Droz. 158 p. Price: €67,00. ISBN: 978-2-600-01286-7.

Reviewer: E. Kayayan
Department of Ecclesiology,
University of the Free State

Since the Swiss publishing company Droz (Geneva) started publishing a revised edition of the *Calvini Opera* in 1992 (the original edition consisting of 59 volumes published in Strasbourg between 1863 and 1900 by J.W. Baum, A.E. Cunitz and E. Reuss), four volumes have seen the light in the series on didactic and polemical works (*Scripta didactica et polemica*). Droz's comprehensive edition of Calvin's works is known as *Ioannis Calvini opera omnia denuo recognita* and is supervised by the praesidium of the International Congress on Calvin Research. Other series in the same edition, such as the *Opera exegetica*, or *Scripta ecclesiastica*, run parallel to the *Scripta didactica et polemica*. Thus, after the publication of the treatise against the Libertines in 2005 (*Contre la secte phantastique et furieuse des Libertins qui se nomment spirituelz*, edited by M. van Veen), the *Short instruction against the Anabaptists* (2007, also edited by M. van Veen), and the *Defensio sanae et orthodoxae doctrinae de Servitute et Liberatione Humani Arbitrii* (2008, edited by Anthony N.S. Lane), vintage 2009 has brought to us volume four of this series with Calvin's *Epistolae duae* of 1537, followed by *Deux discours* addressed during the Disputation of Lausanne in October 1536.

We are dealing here with the young Calvin, who has recently settled in Geneva and has broken with the moderate reformist party in France. These two polemical epistles are addressed to former friends of Calvin's: Nicolas Duchemin, his fellow student at the Law Faculty of Orleans, and bishop Gérard Roussel, queen Marguerite of Navarre's favorite preacher whom she protected and even invited to

preach at the Louvre palace in Paris (to the great dismay of the Faculty of Theology, the so-called La Sorbonne). Both Duchemin and Roussel would eventually show their attachment to the papal institution and pursue a career within the Roman Church, in contrast with Calvin who took the road to exile for the sake of his conscience and a thorough reformation of the church. In their introduction, the editors supply a well documented and fascinating historical survey of the circumstances surrounding the composition of these two letters and later reworking for publication, in 1537, after the Lausanne Disputation of October 1536 (in which Calvin took part, with fellow reformers G. Farel and P. Viret). The survey starts with Calvin's visit to princess Renée de Ferrare during the spring of 1536, since the two letters may have originated there. It is then followed by a comprehensive bibliography and a section by section summary of the *Duae epistolae*.

What follows constitutes, for the sake of Calvin studies, the most important part of this volume: the actual text of these Latin epistles, intended to serve as reliable standard text for further scholarship on them. The text is accompanied by a developed critical apparatus, a definite improvement not only compared to the Strasbourg edition of the *Calvini opera* (vol. 5) but also in comparison with volume one of another standard edition of Calvin's works, the *Opera selecta* (five volumes published in Munich by P. Barth, W. Niesel and D. Scheuener between 1926 and 1952).

The text of the *Duae epistolae* is followed by *Deux discours* (*Two addresses*) delivered by Calvin during the Lausanne "Disputation" (colloquium) of October 1536. They were written down by the four scribes present during this significant event of the Swiss Reformation. There, Calvin displayed an impressive knowledge of the church fathers while discussing the question of transubstantiation in the Roman mass. It became clear that he was the author of the *Institutes of the Christian Religion*, published that same year in Basel. These *Deux discours* can be found in volume 9 of the *Calvini opera*. A brief comparison of the transcription of the text between the CO and the present edition shows minor differences in the selected written form, while the text provided by the editors of volume 4 of the *Scripta didactica et polemica* rectifies some apparent mistakes made here and there by the nineteenth century editors of the CO.

Volume 4 of the *Scripta didactica et polemica* certainly offers a reliable edition of Calvin's texts. In the future, it will serve as a standard text for Calvin scholars interested in studying this phase of his

career and thought, at the time when he became not only an exponent of the Christian faith, but also a church reformer.

If, however, there is an element of criticism to bring forward with regard to this fine publication, it concerns the language editing in the Introduction and the Footnotes. This volume would have been greatly benefited from being proofread by a native English speaker. Also, in the bibliography, the names of some authors are misspelled (p. LXVIII: Emil(e) Doumergue, B. Cotrett – instead of Cottret).

This does not detract from the scholarly value of this volume, which will most definitely be a very valuable asset in the library of any would-be Calvin student.

Den Boer, William. 2009. **Calvijn en het Nederlandse Calvinisme.** Apeldoorn: Theologische Universiteit. 48 p.
Prys: €7,50. ISBN: 978-90-75847-26-0. (Apeldoornse Studies no. 5.)

Resensent: C.J. Smit
Skool vir Kerkwetenskappe, Potchefstroomkampus,
Noordwes-Universiteit

Hierdie werk, wat in die internasionale Calvynjaar verskyn het, gaan in op die vraag of Nederland 'n calvinistiese land is, of ooit gewees het. Hierby word ter inleiding ook aan die leser gevra of hy/sy 'n Calvinis is – en of Calvyn self ooit 'n Calvinis was.

Eers word die situasie in Nederland vóór Calvyn (tot 1543) kortliks uiteengesit. Die kerklike situasie, kerklike misstande en Bybelse humanisme van dié tyd word geskets, die reformasie in Nederland voor Calvyn se invloed en die doperse stroming word voorgehou. Calvyn se verhouding met en invloed op Nederland kom na vore. Vanaf die Konvent van Wezel (1568) word ingegaan op die calvinistiese karakter van die Gereformeerde Kerk in Nederland tot 1619, waar die Sinode van Emden (1571) en die invloed van Arminius tot na die Sinode van Dordrecht (1619) en die aanvaarding van die Dordtse Leerreëls aandag kry. Verder word Calvyn en die Nederlande in die sewentiende en agtiende eeu belig. In die finale hoofstuk word De Cock, van die afskeiding in 1834 en Abraham Kuyper se rol ten opsigte van die Calvinisme in Nederland geteken.

Die boek is in maklike Nederlands geskryf en bied 'n ewewigtige kentekening van die kerklike en ten dele ook van die maatskaplike situasie in Nederland net voor en sedert Calvyn. Dat ook Rooms Katolieke en selfs agnostiese leiersfigure in Nederland hulleself as

calvinisties bestempel, wys hoe ver die begrip *Calvinisme* van Calvyn se teologie weggedwaal het. “De katholic, Dries van Agt, oud-premier, kon zichzelf op onderdelen ‘een puur calvinist’ noemen.” Ook die voormalige voorsitter van ’n prominente politieke party, Marjanne Sint, “denkt ‘hartstikke calvinistisch’ te zijn, alleen omdat haar partij ‘trouw, nauwgezet bezig’ is met wat ze moet doen en ‘overall een oplossing voor’ heeft” (p. 42, 43). In die openbare opinie word onder Calvinisme die volgende tuisgebring: “Altijd zuur doen, nooit iets goeds sien, het is altijd fout” (p. 43).

Die wyse waarop die begrip *Calvinisme* geïnterpreteer en verteken word, laat die skrywer tereg opmerk: “Wie Calvijn wil leren kennen, moet niet bij de calvinisten, maar bij Calvijn zelf te rade gaan” (p. 44).

Dit is interessant dat die skrywer die opmerking maak dat die Nederlandse media in die begin van 2009 “alweer vele sterke staaltjes” (p. 44) opgelewer het oor die wyse waarop oor Calvyn en die Calvinisme gedink word – ’n verskynsel wat terselfdertyd ook in Suid-Afrika in die pers na vore gekom het.

Die antwoord op die aanvangsvraag, wat hoofsaaklik aan die leser oorgelaat word, word wel deur die skrywer geïnsinueer as “die mite van die calvinistiese Nederland”.

Vir enige belangstellende (nie net teoloë nie), wat ’n oorsigtelike, maar deeglike en ewewigtige beeld van Calvyn en die Calvinisme wil verkry, sal die boek ongetwyfeld van waarde wees. Die tema en die inhoud van die werk is ewe relevant in Suid-Afrika.

<p>De Gruchy, John W. 2009. <i>John Calvin: Christian humanist & evangelical reformer</i>. Wellington: Lux Verbi.BM. 240 p. Prys: R149,95. ISBN: 978 07963 1034 7.</p>

Resensent: R.M. Britz
Fakulteit Teologie, Universiteit van die Vrystaat

Die uitgewer Lux Verbi.BM (voorheen NG Kerk Uitgewers) het John De Gruchy uitgenooi om by die 500-jarige herdenking van die geboorte van Calvyn ’n boek oor hom te skryf. Die resultaat is *John Calvin: Christian humanist & evangelical reformer*, ’n netjies versorgde publikasie van 240 bladsye, met ’n persoonsindeks sowel as ’n geselekteerde bibliografie.

Die laaste paragraaf is die veelseggendste van die boek. Daar merk De Gruchy op:

For the Christian humanist in me, the gospel is about the fulfilment and renewal of humanity, or what some might call 'human flourishing' for the Reformed theologian that I am, the gospel is good news precisely because it speaks of Jesus Christ as the one in and through whom God graciously reaches out to us in order to draw us into the fullness of life ... (p. 231).

Dit is eintlik waarop De Gruchy sy waardering van Calvyn laat neerkom: Calvyn, die Christen humanis en die evangeliese hervormer. Hierin rus die blywende betekenis van Calvyn. Dit is juis hierdie erf-lating van Calvyn, hierdie "tradisie" waarby ingehaak moet word om dit tot egte gereformeerde lewe onder ons en in ons land te bring.

Om De Gruchy se argument goed te begryp, is die persoonlike voorwoord, en die eerste hoofstuk van uiterste belang. Dit is hier waar 'n mens die hart van De Gruchy se teologie hoor klop. Op sy eie manier deel hy in hierdie eerste klompie bladsye sy oortuiging en volg die leser hom op die oorwoë spoor wat hy getrap het in sy vroeëre boeke *The church struggle in South Africa* (1979), *Liberating reformed theology: a South African contribution to an ecumenical debate* (1991) en *Being human: confessions of a Christian humanist* (2006). Hierdie boeke het beslag gekry in en na aanleiding van die onstuimige tyd van die *Struggle*, waarin hy, Woordbedienend vanuit 'n gereformeerde perspektief, nie sou swyg nie, maar werkend (*doing theology*) gestalte sou gee aan 'n getuienis wat gekenmerk is deur respek vir egte humaniteit, waarin die volheid van die lewe van Christus na vore kom. Daarom het hy nie net apartheid en die teologie van apartheid afgewys nie, maar ook die soort Calvinisme of calvinistiese tradisie (of *Afrikaner Calvinism*) wat dit verdedig het.

Komende uit 'n breë gereformeerde teologiese agtergrond (die United Congregational Church of Southern Africa) en beïnvloed deur teoloë soos Bonhoefer en Barth, het De Gruchy gevolglik 'n alternatiewe (en outentieke) calvinistiese tradisie in die Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis beredeneer. Dit is 'n *transforming* tradisie – 'n tradisie wat gekenmerk is deur die verandering wat dit telkens teweegbring het. Hierdie tradisie het in die standpunte en werk van sendelinge soos James Read, John Phillip, predikante soos Tiyo Soga (in die 19de eeu) en (in die eie tyd) by Beyers Naudé aan die woord gekom. Hierdie egte calvinistiese tradisie was dus op die voorpunt om apartheid te verwerp. De Gruchy is oortuig dat die Be-

Iydenis van Belhar (1986) die beste konfessionele uitdrukking hiervan sou wees.

De Gruchy se keuse vir 'n calvinistiese *transforming tradition* in die Suid-Afrikaanse kerk- en teologiegeskiedenis, gee aan hom die ruimte om Calvyn, sy betekenis en erflating, ook in hierdie terme te beredeneer. In hierdie sin is die egte Calvyn 'n *Christian humanist and evangelical reformer*, soos die titel aandui. Die skrywer vat sy boek uiteindelik in die heel laaste sin saam: "I believe that if Calvin were doing theology today, he might say much the same" (p. 231). Die kritiese vraag is of De Gruchy reg is? Die enigste persoon wat hierop kan antwoord, is natuurlik Calvyn self. Ons kan Calvyn slegs hoor in wat hy self geskryf het. In hierdie boek hoor 'n mens Calvyn egter taamlik selde praat. Oorspronklike bronne kom nie aan die woord nie. Sekondêre literatuur, hoofsaaklik van Noord-Amerikaanse oorsprong, word leidinggewend aangewend. Dit is opvallend dat De Gruchy eenvoudig verby die nuutste en hoogstaande Calvynnavorsing gaan. Die Duitse, Nederlands en Franse navorsing oor Calvyn ontbreek geheel in hierdie verband.

Sê die boek dus meer oor De Gruchy as oor Calvyn? Oordeel self. Dit is die moeite werd.